

Die sleutel tot eenheid



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Efesiërs 1:3–14; Galasiërs 4:7; Efesiërs 2:11–22; 4:1–6, 11; Mattheus. 20:25–28; Efesiërs 5:15–6:9.

Geheeteks:

“Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus” (Efesiërs 1:9, 10; NAB).

Efese was ’n groot handelsentrum in Klein-Asië, ’n stad met invloede van oraloor. Die kerk in daardie landstreek het uit Jode en nie-Jode bestaan, met mense vanuit alle lewensterreinde en stande. Met so ’n uiteenlopende groep mense byeen, kon konflik net so maklik kop begin uitsteek het as in die wêreld daarbuite. Dit is natuurlik wat in ’n Christuslose kerk sou gebeur het, as die liggaam van Christus nie wou saamstaan nie. Paulus is dus besorgd oor eendrag onder die volgelingen van Christus. Dit vorm die hooftema van sy Sendbrief aan die Efesiërs. Paulus se siening oor eenheid het twee sye: eenheid in die kerk, waar Jode en nie-Jode in Christus en in sy liggaam verenig word; asook eenheid in die heelal, waar alles in hemel en op aarde op ’n kosmiese vlak een in Christus is. Die bron van hierdie eenheid is Christus. In sy sendbrief gebruik Paulus herhaaldelik uitdrukkings soos “in Christus” of “met Christus” en “deur Christus.” Daarmee toon hy wat God vir ons en vir die ganse heelal deur die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus vermag het. God se groot doel met die verlossingsplan is om alles in Christus te herenig. Daardie eenheid kry egter eers behoorlik gestalte met die voleinding van die wêreld.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 27 Oktober.*

Geseënd in Christus

Lees Efesiërs 1:3–14. Wat sê Paulus hier, wat het ons deur en in Christus ontvang?

Die volgelinge van Jesus het baie om die Here voor te loof en prys. In Christus het God ons uiverkies om sy seuns en dogter, asook sy ambassadeurs op aarde te wees. Paulus gebruik baie beelde om daardie nuwe band tussen God en die gelowige – wat ons in en deur Christus ontvang – te beskryf. Dié van aanneming is ’n besonder handige beeld vir die nuwe sy van eenheid wat ons vandeewek bekyk. Deur Christus is ons aangeneem en behoort nou aan “die volk van God” – d.w.s. aan God se kerkgesin. Hierdie beeld – naamlik dié van die gesin – verwys ook indirek na God se verbond met Israel. In die lig van Paulus se sendbrief, sluit daardie verbond ook nou nie-Jode in. Almal wat Jesus as Messias aanvaar, word kinders van God en mede-erfgename van sy belofte aan Israel (Rom. 8:17, Gal. 4:7). Die voordeel van hierdie band tussen ons en Christus – die feit dat ons in Christus is – vorm die hoeksteen vir alle vorms van Godgegewe eenheid. Uit hierdie skrifgedeelte blyk dit ook dat die hereniging van die ganse mensdom in Christus nog altyd God se groot doelstelling was. Wat meer is, in God se kerkgesin gee jou vriendskap met Jesus jou nie ’n voorsprong bo ander nie – want ons is almal kinders van God. Hy het ons almal ewe lief, die een word nie meer as die ander gekoester nie.

Die begrip uiverkiesing of voorbeskikking (Efe. 1:5, 11) verwar egter party gelowiges. Beteken dit nou dat sommige mense vir die verdoemenis beskik is? Allermens, want dit strook nie met die Bybelse leer nie. Intendeel, God het die verlossingsplan juis voor die grondlegging van die wêreld opgestel sodat verlossing almal beskore is. “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Joh. 3:16, OAB; lees ook 1 Tim. 2:6 en 2 Pet. 3:9). Die Here weet wel wie sy verlossingsaanbod gaan aanvaar en wie nie, m.a.w. Hy het beslis nie vir enigeen voor hul geboorte besluit wat hul keuse eendag sal wees nie. Verlossing bied die Here aan die ganse mensdom, danksy Christus se soendood. Die beslissende vraag wat elkeen hom- of haarself moet afvra, is: Hoe gaan ek op daardie aanbod reageer? Die Here dwing niemand om ’n bepaalde keuse te maak nie.

“In die hemelhowe het God dit so beskik dat die mens, ja, die gevalle mens – nie in sy/haar ongehoorsaamheid hoef te vergaan nie. Deur in Christus as ons plaasvervanger en verlossingshoop te glo, kan ons sy uitverkorenes word; uitverkies om as kinders van Jesus Christus deur Hom aangeneem te word, soos wat Hy dit beskik het. Tog begeer Hy dat almal gered moet word. Deur sy eniggebore Seun as losprys vir die mens te gee, bied Hy ons immers meer as genoeg kanse. Dié wat verlore gaan, het gekies om nie deur Christus as kinders van die Here aangeneem te word nie. Hulle het geweier” (Ellen G. White-kommentaar, die *SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 1114).

Die afbreek van die skeidsmuur

Min vorms van verdeeldheid is so diepgaande soos dié wat met ras, etnisiteit en godsdiens te make het. In party lande se ID-dokumente word dinge soos etnisiteit of godsdiens vertoon. Daardie soort onderskeid dui dikwels op die bevoorregting of beperkings waarmee daardie persoon daaglik te doen kry. Wanneer oorlog uitbreek of konflik ontstaan, ontketen daardie verskil-gebaseerde identiteitsmerkers dikwels verdere onderdrukking en geweld.

In Efesiërs 2:11–22, wys Paulus die leser op ’n beter uitweg vir die kerk. Watter uitwerking het ons eenheid in Christus op verskil-gebaseerde identiteitsmerkers? Wat het Jesus deur sy kruisdood kom afbreek?

Hier roep Paulus die Efesiërs tot bestekneming. Hy wys hulle op die verlede en sê: Onthou watter tipe lewens julle voor die genadegawe van Christus gelei het. Onderskeid op grond van etnisiteit, kultuur en godsdiens bring vyandskap en konflik tussen groepe mense. Die goeie nuus is dat ons almal danksy Christus een is. Ons het dieselfde Heer en Heiland. Almal is deel van God se kerkgesin. “Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus” (Efe. 2:13, NAB).

In die tempel van ouds was ’n skeidingsmuur om nie-Jode uit die gedeeltes te hou wat net vir Jode bedoel was. Op daardie muur was ’n inskripsie, gerig aan alle nie-Jode: Toegang verbode op straf van die dood. Dít is die reël wat Paulus volgens sy aanklaers oortree het, toe hy na afloop van ’n sendingreis die tempel binnegegaan het. Die apostel is in hegtenis geneem omdat hy toegelaat het dat ’n Efesiër genaamd Trofimus die Joodse gedeelte van die tempel betree (Hand. 21:29). In sy sendbrief sê Paulus egter: “Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos ’n muur skeiding gemaak het” (Efe. 2:14, NAB). Deur Christus is alle gelowiges afstammeling van Abraham. Elkeen ontvang die innerlike besnydenis. Die liggaamlike besnydenis wat God aan Abraham gegee het, wys vooruit op die geestelike besnydenis wat gelowiges in Christus sou ontvang (lees Deut. 10:16). “Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens” (Kol. 2:11, NAB).

Lees weer Efesiërs 2:11–22. In watter opsig speel die dinge wat Paulus hier beskryf hom in die hedendaagse kerk af? Met watter uitdagings het ons steeds te kampe?

Één liggaam, één strew

Paulus is baie prakties in sy geesgevolle woorde aan die Efesiërs. Die eendrag wat tussen Jode en nie-Jode, en tussen mense van uiteenlopende kulturele en etniese agtergronde moet heers, is nie 'n mite of blote teorie nie. Dit is 'n werklikheid en boonop 'n vereiste: “Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het” (Efe. 4:1, NAB).

Lees Efesiërs 4:1–3. Op watter wyse is Christene veronderstel om volgens hul roeping in Christus te wandel?

Hierdie deugdes en genadegawes het praktiese uitkomst in die gelowige se lewe. Dit help “om die eenheid van die Gees... deur die band van die vrede te bewaar” (Efe. 4:3; NAB, werkwoord geskuif). Al hierdie eienskappe is gegrondves in die liefde (1 Kor. 13:1–7). Die aktiewe beoefening van liefde bewaar die bande van broeder- en susterskap, en is bevorderlik vir vrede en eenheid wat selfs verder as die kerkgemeenskap strek. Eendrag in die kerk stel die liefde van God op unieke wyses aan buitestaanders ten toon. Dit is waartoe die kerk geroepe is – veral in tye van stryd, verdeeldheid en oorlog.

Lees Efesiërs 4:4–6. Wat is die deurslaggewende tema in hierdie drie verse?

In die eerste verse van hierdie hoofstuk gee Paulus uiting aan sy diepe begeerte na kerkeenheid. Hy begin met die vermaning om een te wees (Efe. 4:1–3) en gee daarna 'n lys van die sewe dinge wat gelowiges verenig (verse 4–6). Eenheid is iets waarvoor gelowiges alreeds beskik (verse 4–6). Tog moet ons dit voortdurend nastreef en in stand hou (verse 1–3). Terselfdertyd is dit ook 'n toekomsdeed (vers 13). “Die apostel vermaan die gelowiges: Laat die waarheid waaraan ek julle bekendgestel het, en sy [transformatiewe] krag, in jul lewens uiting vind. In alle nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid en liefde moes hulle die karakter van Christus weerspieël, en daarmee saam die seëninge wat sy verlossing meebring. Daar is net één liggaam van Christus – slegs één Gees, één Heer en één geloof. As lede van die liggaam van Christus word almal deur dieselfde gees en dieselfde hoop aangedryf. Verdeeldheid in die kerk is tot oneer van die Christelike geloof, en dit ten aanskoue van die wêreld. Dit gee vyande van die waarheid 'n verskoning vir hul verkeerde weë en wanopvattinge. Paulus se voorskrifte was egter nie net vir die destydse kerk nie. God gee dit ook vir ons vandag. Die vraag is net: Wat doen ons om eenheid tussen ons deur die band van die vrede te bewaar?” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 5, bl. 239).

Die Woord sê: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.” Watter keuses kan jy vandag reeds maak, ten einde 'n roeping-gerigte lewenswandel te verseker?

Kerkleiers en eenheid

“Aan elkeen van ons is ‘n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het” (Efe. 4:7, NAB). Verlossing is ‘n gawe aan die ganse mensdom, en aan elkeen wat dit wil ontvang. Tog ontvang almal nie dieselfde gawes van die Gees nie. Party ontvang gawes vir ‘n spesiale doel.

Lees Efesiërs 4:11. Watter soort leierskapsgawes gee God aan die kerk?

Wat sê Efesiërs 4:12 is God se doel met dié gawes in die kerk? Hoe hou die onderskeie gawes met mekaar verband?

Alle Christene is in ‘n sekere sin predikante. Ons staan tot ‘n mate “in die bediening” en tree as “evangeliste” in die klein op. Die sending in Matteus 28:19 en 20 is eintlik aan elke Christen. Ons moet na al die nasies gaan, van hulle dissipels maak, hulle doop en hulle leer. Sielredding is nie net die taak van ‘n groepie bevoorregtes nie, soos predikante en/of evangeliste nie. Almal wat die naam van Christus bely, moet daaraan deelneem. Niemand word gevrywaar wanneer dit by die verkondiging van die blye boodskap kom nie. Net so het geen kerleier die eksklusiewe reg daarop nie. Die leierskapsgawes is bloot tot stigting en opbou van die kerk. Ons benodig leiers om eenheid in die gemeentes te koester, om dit onder lidmate te promoveer en hulle daartoe te inspireer. Met hierdie lysie van leierskapsgawes sê Paulus vir ons: Hier is ‘n verdere manier om die kinders van die Here vir sielredding toe te rus. ‘n Aantal persone ontvang daardie roepings en dit is hulle verantwoordelikheid om die res met hul evangeliebediening en hul diens aan die Here te help. Hulle bou dus die liggaam van Christus op, “totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus” (Efe. 4:13, OAB). Jesus se leierskapstyl is die gelowige se voorbeeld. Jesus het gekom om te dien, en nie om deur ander bedien te word nie (Matt. 20:25–28). Ons moet uitgaan en Hom dit nadoen. Die mens het ‘n sterk neiging tot onafhanklikheid, om nie aan enigeen verantwoordbaar te wil wees nie. Dit is die Westerse beskawing se groot swaakteit. Hier maan Paulus dat geen gelowige op sy of haar eie aangewese is nie. Ons is deel van ‘n geloofsgemeenskap en die geloofspad is iets waartoe ons almal geroepe is, derhalwe het ons geestelike leiers wat ons tot wedersydse ondersteuning op daardie geloofspad aanmoedig. Ons is almal, tesame, deel van die liggaam van Christus.

Watter gawes van die Gees het jy, en hoe gebruik jy dit om eenheid in jou plaaslike gemeente te bevorder?

Ons onderlinge band in Christus

Die Christelike godsdiens draai om interpersoonlike verhoudings – ons bande met God en met mekaar. Om te sê dat jy ’n hegte band met God het sonder dat daardie boesemvriendskap ’n uitwerking op jou bande met ander het, maak immers geen sin nie. Die Christelike geloof dryf nie doelloos rond nie. Die eenheidsbeginsel waarvan Paulus in sy Sendbrief aan die Efesiërs praat, het dus ’n verdere toepassing: Die manier wat ons teenoor ander optree.

Lees Efesiërs 5:15–21. Wat sê Paulus vir ons in vers 21, wat is die verhouding tussen onderdanigheid en eenheid?

Paulus se vermaning tot wedersydse onderdanigheid hou verband met die sinsnede in vers 18, “laat die Gees julle vervul” (NAB). Een manier waaraan ’n mens aan die inwonende Gees uiting gee, is deur aan mekaar onderdanig te wees. Dit is die regte soort houding wat ons teenoor ander moet hê, een wat van nederigheid en bedagsaamheid getuig. Vir die deursnee mens is dit nie ’n aangebore eienskap nie. Ons bekom dit net deur die inwonende Gees. Dieselfde Gees wat ons een in Christus maak, skenk dit aan ons as ’n genadegawe. Gesien vanuit daardie oogpunt is onderdanigheid ’n innerlike belewenis – ’n lofbetuiging aan Christus vir sy persoon en soendood.

Lees Efesiërs 5:22–6:9. Dink nou aan daardie wedersydse onderdanigheid waarvan Paulus praat. Watter impak maak dit op die bande wat die gelowige met ander mense by die huis en die werksplek het?

Tot ’n mate steun kerkeenheid op gesinseenheid. In dié verband fokus Paulus op die eenheid, liefde en respek wat daar tussen ’n man en sy vrou moet wees, en hoedat dit met Christus se selfopofferende liefde vir sy bruid, die kerk, vergelyk kan word. Met ander woorde, Christelike respek is iets wat mans en vroue by die huis en in die gemeente moet beoefen. Die band tussen ouer en kind, en werkgewer en werknemer (oftewel “baas” en “dienskneg”) behoort ook daardie Christelike eienskap te weerspieël. Presies dieselfde harmonie en vreedzaamheid wat in ons huise heers, behoort ook in ons kerke te wees.

Watter beginsel kan ons uit vandag se skrifgedeeltes put, een wat ons kan help om reg teenoor ’n huisgenoot of ’n kollega op te tree (inaggenome die betrokke situasie, natuurlik)?

Vir verdere studie:

Ellen G. White, “The Spirit of Unity,” bl. 179–188, in *Testimonies for the Church*, vol. 9. “Vir Christus was daar geen onderskeid op grond van nasionaliteit, stand of geloof nie. Die skrifgeleerdes en Fariseërs het begeer om al God se genadegawes en die voordeel wat daaruit te trek is, vir hul eie landstreek en sy mense te hou, en so God se kinders van ander wêrelddele uit te sluit. Al daardie tipe skeidsmure het Jesus kom afbreek. Hy het kom toon dat die genade en liefde wat Hy skenk grensloos is – soos die lug en die lig, en soos die reën wat die grond deurdring en die aarde verkwik. “Die lewe van Christus het ’n godsdienst op die been gebring waarin daar geen klas of stand is nie; een waarvolgens Jood en nie-Jood, vrymense en slawe, in ’n band van broeder- [en susterskap] saamgebind word, waarin almal voor God gelyk is. ‘Algemene beleid’ was nie die dryfveer vir sy doen en late nie. Vir Hom was daar geen onderskeid tussen volksgenoot en vreemdeling, vriend en vyand nie. Al waarna Hy op soek was, was ’n ontvanklike hart; een wat na die water van lewe smag” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 9, bl. 190, 191).

Besprekingspunte:

1. Bepeins die volgende aanhaling: “In die vierde hoofstuk van Efesiërs word die Godsplan so duidelik en eenvoudig uiteengesit dat al God se kinders daartoe toegang het. In daardie skrifgedeelte maak God dit duidelik hoe eenheid in sy kerk verweselik behoort te word, sodat lidmate aan die wêreld kan toon wat ’n gesonde godsdienstige belewenis behels” (Ellen G. White *Comments, The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 1117). Wat in Efesiërs 4 dui op kerkeenheid? Wat kan ons doen om daardie eenheid te verseker?
2. Aan die kern van die eenheidsvraagstuk lê nederigheid en wedersydse onderdanigheid. Is kerkeenheid daarsonder enigsins moontlik? Om trots en onbuigsaam te wees, beteken dat jy ander uitsluit; en dan is eenheid totaal buite die kwessie. Die vraag is net: Hoe kan ons daardie nederigheid en wedersydse onderdanigheid aankweek?
3. Hoe kan ons, ten spyte van ons meningsverskille, een in Christus wees?

Opsomming: In sy Sendbrief aan die Efesiërs gee Paulus ons baie raad oor ons gedeelde lewe in en deur Christus. Die verlossing wat Jesus bring, transformeer elkeen se lewe op praktiese maniere. Ons interpersoonlike verhoudings, insluitende die bande van broeder- en susterskap in die gemeente, ondergaan ’n omwenteling. Deur die krag van Christus beleef elkeen dit. Wat meer is, daardie transformasie is van kardinale belang vir kerkeenheid.